

**'n Opstandingsgeloof**

**P**etrus en die ander dissipels keer terug na hulle ou bedryf, om vis te vang. Vir hulle lyk dit asof die opwindende tyd saam met Jesus verby is en dat hulle nou maar moet terugkeer na die gewone sleurgang van die lewe. Alles verander as die opgestane Jesus hulle weer 'n keer roep soos reg aan die begin – met 'n wonderlike visvangs (Luk 5). Jesus het nie van sy agenda en planne met hulle afgesien nie. Inteendeel!

Dan kom Petrus tot die wonderlike sekerheid: “Dit is die Here!” Hierdie uitroep van Petrus is 'n opstandingsgeloof wat alles in sy lewe verander. Dit is die kern van die geloof van die kerk. Is dit u geloof? Hoe lyk so 'n geloof?

- Dit is vol eerbied! Petrus trek sy hemp aan, want sy bolyf was kaal. Is daar by u eerbiedige aanbidding?
- Hy spring in die water, waarskynlik om so gou moontlik by Jesus te wees. Wat doen u om by Hom te wees?
- As Jesus van die vis vra, trek Petrus die nette uit! Dit is daadkrag wat ons dadelik laat vra wat ons vir Jesus kan doen.
- Dit getuig van hoop, want die betekenis van die wonderlike visvangs is duidelik. Van nou af sal julle mense vang! (Vergelyk Luk 5:10.) Die opgestane Here gaan sy kerk bymekaar maak deur sy wondermag! Ons doen wat menslik moontlik is. Ons gooi sy Woord soos 'n net uit, maar Jesus doen die wonderwerk. Deur sy Heilige Gees vang Hy mense so maklik soos visse in die see!!  
Is jy gevang? Is jy besig om te vang?

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*